

# ALGEMENE VRAE EN ANTWOORDE

## 1. DIE GESKIEDENIS VAN ADAM TOT BY DIE SONDVLOED

### 1.1 Hoe het die Here Adam geskape?

Onsterflik, met ware kennis, geregtigheid en heiligheid.

### 1.2 Wat dink u van die evolusieteorie?

Ons kan nie aanvaar dat die een soort skepsel uit 'n ander soort – hoëres uit laeres – ontwikkel het nie. Elke soort van bestaan in die skepping het vandag nog sy eie plek soos wat dit reeds in die begin was. Daar is alleen ontwikkeling binne die grense van elke soort.

### 1.3 Wat is die proefgebod?

Hiermee toets God Adam en Eva se gehoorsaamheid aan Hom: *“Van al die bome in die tuin mag jy vry eet, maar van die boom van kennis van Goed en Kwaad, daarvan mag jy nie eet nie, want die dag as jy daarvan eet, sal jy sekerlik sterwe”* – Genesis 2:16-17.

Indien Adam in sonde sou val, sou dit alle mense insluit wat uit hom gebore sou word. Indien hy nie in sonde sou val nie, sou alle mense wat uit hom gebore sou word, vir ewig salig bly. Adam het toe in sonde geval.

### 1.4 Wat is die werkverbond?

Dit is die ooreenkoms tussen God en die menslike geslag wat trou aan mekaar beloof. Dit is 'n eensydige ooreenkoms wat deur God met die mens gesluit word. Die mens is vanself die tweede party in hierdie ooreenkoms. Die inhoud is dat die mens sy verpligting ten opsigte van volle gehoorsaamheid teenoor die Here moet nakom. Die belofte is dat die mens sal deel in die heerlike resultaat van die verbintenis.

### 1.5 Waarom het die werkverbond misluk?

Adam kon nie die proefgebod nakom nie. Omdat hy sy verantwoordelikheid in hierdie verbond nie kon nakom nie, is die verbond verbreek.

### 1.6 Wat is die gevolg van hierdie verbondsverbreking vir ons?

Die mens sal nooit meer deur werk of prestasie sy saligheid kan bewerk nie. As gevolg daarvan het die doodstraf oor ons in werking getree. Al Adam se nageslagte deel in hierdie ramp.

### 1.7 Wat is die genadeverbond?

God se genade word in Jesus Christus geopenbaar omdat Hy in Adam se plek as 'n tweede Adam ten volle gehoorsaam is aan al die gebooe van die Here. So bewerk Hy vir ons die ewige saligheid. Daarmee is die toorn van die Here ook tevrede gestel.

### 1.8 Wat beteken dit dat die mens na God se beeld geskape is?

Die mens is in twee opsigte beeldraer van die Here: In ruimer sin en in enger sin.

In ruimer sin:

- Algemene onderskeiding van res van die skepping: gawes, talente, ens.
- Die mens het eienskappe wat diere nie het nie. Die mens het verstand, kan dink en beplan vir die goeie.
- Die mens het 'n hart wat kan liefhê.
- Die mens kan doelbewus werk tot God se eer.

In enger sin:

- Die mens alleen besit ware kennis, geregtigheid en heiligheid.

1.9 **Hoe verklaar jy, met die sondeval in gedagte, die woorde: “Beproof alle dinge; behou die goeie” – 1 Tessalonisense 5:21?**

Dit beteken dat ’n mens voordat jy ’n ding doen, eers moet seker maak of dit goed en God welgevallig is. Mens doen dit nie deur eers die daad te gaan doen om vas te stel of dit sonde is of nie. ’n Mens hoef nie in modder te rol om te kan sê modder is vuil nie.

1.10 **Hoe was die eerste twee mense se onderlinge verhouding?**

Hulle was binne ’n heilige huweliksband geskape, waarbinne elkeen by God ’n besondere taak gekry het: Adam moes as beeld van God heers en Eva om aan haar man onderdanig en hom tot hulp te wees. Sy is hierin beeld van God se kerk. Saam moes hulle heers oor God se skepping en dit teen aanvalle van die satan bewaak.

1.11 **Hoe was hulle verhouding tot hulle Skepper?**

Die mens staan in die verhouding van skepsel tot Skepper teenoor God. Die mens is volkome aan God gehoorsaam en onderdanig.

1.12 **Motiveer hoe Adam oorspronklik ook ’n drievoudige amp van profeet, priester en koning beklee het?**

God het hom as hoof van die werkverbond in hierdie drievoudige amp geplaas.

1.13 **Hoe was hy profeet?**

Hy kon sy Skepper reg ken en sy hele lewe aanwend om die Here te dien.

1.14 **Hoe was hy priester?**

Hy kon die Here van harte liefhê en homself aan die Here wy.

1.15 **Hoe was hy koning?**

Hy kon goed oor die skepping regeer en met sy lewe God dien.

1.16 **Waar kom die sonde vandaan?**

Uit die engelwêreld. Satan het teen God gerebelleer omdat hy nie tevrede was met sy posisie nie. Satan wou soos God wees. Hy het ’n derde van die engele verlei om saam met hom tot ’n val te kom. Satan wou hierdie verleiding in die mensewêreld inbring. Adam en Eva het toe die proefgebod oortree en hulle het van die boom van kennis geëet. Dit was nie per ongeluk of uit onkunde nie. Dit was moedswillig.

1.17 **Het die mens na die sondeval sy amp as gelowige – profeet, koning en priester – verloor?**

Nee, maar weens die sonde kon hy dit nie meer reg vervul nie.

1.18 **Op watter manier het daar nog iets van die goeie begaafdheid in die mens se profeetskap oorgebly?**

Die mens kan na sy val nog steeds die krag, regverdigheid en die waarde van waarheid raaksien. Die mens kan God se bedoelinge genoegsaam verstaan om sy eie ellendes te besef en om met berou tot bekering te kom as hy sonde doen.

1.19 **Het God na die sondeval nog steeds genade aan Adam en Eva bewys?**

Ja, met die moederbelofte. Dit getuig en profeteer van genade vir sondaars. “Hy sal jou die kop vermorsel en jy sal hom in die hakskeen byt” – Genesis 3:15.

1.20 **Waar staan die moederbelofte en wat is die moederbelofte?**

Genesis 3:15.

God openbaar dat daar 'n skeiding tussen die mense sal kom. Uit die lyn van die verbond – verlostes – sal die Verlosser gebore word. Teenoor hierdie lyn sal daar 'n lyn van verwerping wees. Dit word dadelik openbaar in Kaïn – verwerp, en Abel – verlos.

1.21 **Beskryf die gebeure rondom Kain en Abel se offers.**

1.22 **Kain sê: “My skuld is te groot om te dra.” Verduidelik dit. Het hy ooit werklik berou gehad?**

1.23 **Wat word van die nageslag van Kain?**

Nadat die Here Kaïn vervloek het, het hy en sy nasate weggetrek van die gelowiges af. Uit hulle kom Lameg wat twee vroue het – Ada en Silla. Hierdie Lameg was al so verteer deur die sonde dat hy verklaar dat sy wraak sewentig keer groter as die Here s'n is. Hierdie geslag gryp ook vooruit op die genadegawes wat God aan die mense gee, soos musiek, kultuur en wetenskap.

1.24 **Hoe word die genade van God wat Hy beloof in Genesis 3:15 al in die eerste kinderpaar op aarde sigbaar?**

- Al het die Here Kain se offer nie aanvaar nie, het Hy sy genade bewys in die aanvaarding van Abel se offer.
- Dit wys dat daar onder die mens in sy geslagte tog dié sal wees wat in God glo en van Hom genade sal ontvang.

1.25 **Wie het weer hierdie gebroke ampsbediening kom herstel?**

Jesus Christus toe Hy die dood oorwin en uit die dood opgestaan het. Daarmee het Hy openbaar dat Hy die uitverkore mens herskep om weer hierdie drievoudige amp te kan beklee. Met die uitstorting van die Heilige Gees is die kerk gesalf met die teenwoordigheid en inwoning van God wat die mens bekwaam maak om hierdie ampte weer te kan uitlewe. Dit word finaal vervul met die wederkoms van die Here.

1.26 **Hoe raak dit ons as sy gelowige kinders?**

Ons is sy kerk. Die kerk is die liggaam van die Here – Hy is die Hoof en ons is die lede – en daarom is ons saam met Hom, die Hoof, gesalf met die Heilige Gees. Dit is in die openbaar bevestig met die uitstorting van die Heilige Gees. Daarom beklee elke gelowige ook vandag die ampte.

1.27 **Noem die maniere waarin die Here Jesus se profetiese amp op aarde geopenbaar word.**

In sy preke, bv. die bergrede, gesprekke met mense, onderrig aan die dissipels en die skare, asook in sy gelykenisse.

1.28 **Wat is elke gelowige se profetiese roeping?**

Ons moet getuies wees wat die Woord van die Here uitdra aan alle mense.

1.29 **Watter ampspligte het die priester in die Ou Testament onderhou?**

- Hy offer om só vir die volk versoening te doen.

- Hy bid vir die volk.
- Hy seën die volk in die Naam van die Here.

**1.30 Hoekom was die priesteramp tydens die Ou-Testamentiese tyd onvolledig en beperk?**

- Dit was oorgeërf van die een na die ander uit die geslag van Levi. Dit was dus tydelik.
- Hierdie priesters moes eers vir hulleself offer en dan vir die volk.

**1.31 Wat is die werk van die Heilige Gees?**

- Hy begin die geloof in ons hart.
- Hy pas die seëninge van Jesus Christus se werke toe in ons lewe.
- Hy berei Jesus Christus se kerk voor vir die wederkoms.

**1.32 Noem die lyn van die verbond van Adam af tot by Noag**

Adam, Set, Enos, Kenan, Mahalalel, Jered, Henog, Metusalag, Lameg en Noag.

**1.33 In watter opsig is Noag tipe van Christus?**

Hy is prediker van geregtigheid wat later deur Jesus volbring is.

**1.34 Hoe lank is die oordeel uitgestel?**

120 jaar

**1.35 Wat is die betekenis van die sondvloed?**

Dit was vir die menslike geslag 'n doop tot behoudenis en tot 'n nuwe lewe. Die einddoel van die sondvloed was nie die vernietiging van die menslike geslag nie maar die verwesenliking van die raad van God.

**1.36 Wat noem ons die verbond wat met Noag opgerig is en wat is die inhoud van hierdie verbond?**

Noagitiese/natuurverbond. God – Noag – gehoorsaamheid – seisoene en reënboog.

**1.37 Wat gebeur met Noag na die sondvloed en wie het hy vervloek?**

Noag het druiwelote ingepak en dit na die sondvloed geplant. Van die vrugte het hy wyn gemaak en homself dronk gedrink. In die proses het hy van sy klere ontslae geraak en sy seun Gam het hom in dié toestand in sy tent sien lê. Die sonde is dat Gam nie die saak self opgelos en daarvoor stilgebly het nie. Hy het vir sy broers daarvan vertel en hulle het 'n mantel geneem en agteruit in die tent ingestap totdat hulle Noag se liggaam toegemaak het. Noag het Gam se oudste seun, Kanaän, vervloek.

**2. DIE GESKIEDENIS VAN NOAG TOT BY JOSEF – EGIPTE**

**2.1 Hoe loop die verbondslyn van Noag af tot by Abraham?**

Dit is die volgende aartsvaders: Sem, Arpagsad, Selag, Heber, Peleg, Rehu, Serug, Nahor, Tera, Abraham.

**2.2 Waar word die toring van Babel opgerig en wat was die doel van die mense daarmee?**

In die laagte Sinear. Hulle wou bymekaar bly en vir hulle 'n naam maak. Hulle wou dus die opdrag van die Here dat die aarde gevul moet word, teëstaan.

**2.3 Wat was die gevolge van die bou van die toring van Babel?**

Die Here dwing hulle om gehoorsaam te wees. Hy laat verskillende tale ontstaan sodat daar onderlinge verwarring ontstaan en hulle verplig word om uitmekaar te gaan. Op hierdie wyse het die verskillende volke tot stand gekom. Die ontstaan van volke – ryke – is dus 'n herinnering daarvan

dat die mensdom teen God in opstand was en die Here moes ingryp om hulle tot gehoorsaamheid te dwing.

#### 2.4 **Waarom roep en sonder die Here vir Abraham af?**

Die motief vir Abraham se afsondering lê in die koms van die Messias as die Verlosser. Daarom was dit nodig dat God vir Hom 'n eie volk afsonder in die midde van die volke.

#### 2.5 **Beskryf die verbond met Abraham.**

Die Here het 'n genadeverbond met Abraham opgerig. Dit was 'n bloedverbond en die besnydenis was die teken daarvan. Dit was 'n vernuwing van die verbond van Genesis 3:15. Die belofte het uit twee dele bestaan: Die een was dat Abraham se nageslag die land Kanaän sou erf en die tweede was dat sy nageslag so baie soos die sterre van die hemel en die sand van die see sou wees.

#### 2.6 **Wat is die betekenis van die skeiding tussen Abraham en Lot?**

Lot was nie deel van die verbond wat die Here met Abraham gesluit het nie. Tog wou hy parasiteer op die voordele van die verbond. Daarom bewerk die Here die skeiding tussen die twee, sodat Lot daarna sy eie pad kon gaan. Lot se slegte gesindheid tree duidelik na vore in die feit dat hy die beste van die weiding vir homself kies, dat hy in Sodom gaan bly en dat hy later in dronkenskap by elkeen van sy dogters 'n kind verwek.

#### 2.7 **Watter heidennasies is uit Lot gebore en hoe word hulle verwek?**

Lot het in sy dronkenskap gemeenskap met elkeen van sy dogters. Hy verwek 'n kind by elkeen van hulle. Die een seun word die vader van die Moabiete en die ander seun die vader van die Ammoniete.

#### 2.8 **Beskryf die lyn van die verbond en die lyn van die verwerping soos dit gestalte gekry het van Abraham af tot by Jakob.**

Abraham se oudste seun, wat die eersgeboorteseën moes kry, word verwerp en word die hoof van 'n heidense volk, die Ismaeliete. Isak dra die belofte verder. Van sy twee seuns word die oudste ook weer verwerp en word Esau die hoof van 'n heidense volk, die Edomiete, terwyl die verbond in Jakob voortgesit word.

#### 2.9 **Wat is die betekenis van Bet-El en Pniël?**

By albei die plekke het God aan Jakob verskyn.

By Bet-El het die Here aan Jakob verskyn. In hierdie verskyning was Jakob lydelik/passief. Jakob besef die alomteenwoordigheid van die Here, daarom noem hy die plek "Huis van God". Jakob moes egter nog leer om op die verbond van God te vertrou.

By Pniël was Jakob aktief: Hy worstel met God. Daarom noem hy die plek "Aangesig van God". Dit was vir Jakob ontdekkend en vernederend om te weet hoe God hom sien. Hy verstaan meteens dat sy groot teenstander nie sy broer Esau is nie maar die Here. Jakob het ook 'n nuwe naam gekry – Israel – daarom verander Jakob: bekering en leef voortaan in die heiligheid van God.

#### 2.10 **Wat is die openbaringshistoriese betekenis van Josef? In watter opsig is hy tipe van Christus?**

- Soos Christus is hy verwerp deur sy mense.
- Hy word verkoop terwyl Jesus vir 'n bedrag geld verraai is.
- Hy word soos Jesus Christus 'n plekbereider.
- Josef is 'n middelaar vir sy volk soos wat Jesus Middelaar is vir die uitverkorenes.
- Josef verlos sy volk – van 'n hongerdood, terwyl Jesus sy uitverkorenes verlos – van 'n sondedood.

#### 2.11 **Wat is die openbaringshistoriese betekenis van Moses? In watter opsig is hy tipe van Christus?**

Moses word gebore, opgelei en geroep om sy volk uit slawerny uit te lei. Hy is dus 'n verlosser. Hierin is hy 'n tipe van Christus.

2.12 **Wat was die doel met Moses se verblyf aan Farao se paleis?**

Hy is daar opgelei en voorberei vir sy toekomstige taak om die volk uit te lei en aan te voer.

2.13 **Wat is die inhoud van die Wet op Sinai?**

Dit is 'n vernuwing van die verbond met Abraham. Daarom is dit ook 'n bloedverbond, want Moses moes die bloed op die altaar gooi. Dit het gesien op die nuwe verbond in die bloed van Christus wat met die kruisiging tot stand gekom het: *“Hierdie beker is die nuwe testament in My bloed.”*

Daar is twee tafels: Die eerste vier gebooie handel oor die verhouding tussen ons en God. Die tweede tafel handel oor ons verhouding met ons naaste.

2.14 **Hoekom is die verbond by Sinai nie 'n nuwe verbond nie?**

Nee, dit is nog dieselfde genadeverbond wat nou met Abraham se nageslag voortgesit word. Hierdie verbond is ook met bloed verseël – Moses sprinkel bloed oor die volk nadat hy die Wet van God ontvang het.

**3. DIE RIGTERTYD**

3.1 **Noem die rigters.**

Otniël, Ehud, Samgar, Debora, Barak, Gideon, Tola, Jaïr, Jefta, Ebsan, Elan, Abdon, Simson, Eli, Samuel.

3.2 **Wat is die betekenis van die rigters?**

Hulle word telkens gebruik om die volk van hulle vyande te verlos.

3.3 **Wat is die betekenis van Rut?**

Sy is 'n Moabiet, dus 'n heiden. In die voorgeslagte van Jesus – dus deel van sy vernedering.

**4. DIE KONINGSTYD**

4.1 **Wat is die betekenis van Saul?**

Oorgangsfiguur van rigters na konings.

4.2 **Wat is die betekenis van Dawid en in watter opsig is hy tipe van Christus?**

Oorlogskoning. Tipe van Jesus in sy stryd en oorwinning.

4.3 **Wat is die betekenis van Salomo en in watter opsig is hy tipe van Christus?**

Hy is 'n vredevoers. Tipe van Christus as regeerder in ewige vrede.

4.4 **Wat was die posisie van Elia in Agab se tyd?**

Agab was goddeloos, gedryf deur Isebel. Nabot vermoor vir 'n wingerd. Elia bid. Daar kom toe droogte vir drie jaar en ses maande. By Karmel was daar 'n konflik tussen Elia en die Baälprofete. Hulle gebede tot Baäl het niks opgelewer nie, terwyl die Here Elia se gebed verhoor en sy offer met vuur verteer. Die Baälprofete is toe almal doodgemaak en dit het weer gereën.

4.5 **Beskryf die verdeling van die ryk.**

**Rehabeam:** Die ou raadgewers waarsku dat belastinge verlig moet word, dan sal die volk die koning in liefde dien. Die jong raadgewers beveel aan dat die strawwe en belastinge verswaar moes word.

Rehabeam neem Adoniram, die opsigter, oor die dwangarbeiders saam. Adoniram word vermoor en Rehabeam ontkom ter nouernood. Skeuring was 'n feit.

**Jerobeam** was Salomo se opsigter oor die dwangarbeiders van die huis van Josef. Die profeet Agija het hom gesalf as koning en geprofeteer dat hy oor tien stamme van Israel sal regeer. Jerobeam vlug na Egipte. Hy tree by Sigem op as die volk se segsman. Na die skeiding word hy die koning van die Tienstammeryk.

4.6 **Wat was die oorsake van die ballingskap?**

Ongeloof en afgodediens

4.7 **Watter ryk is eerste verban en wie daarna? Waarheen is hulle verban?**

Eerste Israel – na Assirië

Daarna Juda – na Babel

4.8 **Onder wie keer die Jode weer terug van Babel? Hoe lank na die terugkeer word die tempel eers weer herbou?**

Die Jode keer terug onder Serubabel, Jesua en Esra.

Die tempel word 20 jaar later onder Nehemia weer herbou.

5. **DIE TYD VAN CHRISTUS**

5.1 **Wat is die volheid van die tyd?**

Die tyd was gereed vir Jesus se geboorte. Daar was:

- Een wêreldtaal
- Een wêreldregering
- Goeie verbindingspaaie tussen die stede
- Alle heidense godsdienste was in daardie stadium uitgedien en die mense was gereed om die evangelie van Jesus Christus te ontvang.

5.2 **Waar slaan die konflik tussen Jakob en Esau – lyn van verbond – en van verwerping weer uit?**

By die kindermoord: Herodes is 'n Edomiet – nasaat van Esau, en Jesus is 'n nasaat van Jakob. In die kindermoord word 'n aanslag gemaak op die lewe van die Verlosser wat uit die geslag van Jakob is.

5.3 **Wat is die betekenis van die wonders van Jesus?**

Dit toon sy almag oor die skepping. Hy word nie begrens deur die normale grense wat daar in die skepping bestaan nie.

5.4 **Wat is die betekenis van die genesings?**

Dit toon Jesus se mag en vermoë tot herstel en herskepping.

5.5 **Wat is die betekenis van die gelykenisse?**

'n Gelykenis is 'n vergelyking waarin 'n aardse beeld gebruik word om hemelse – geestelike – sake te verduidelik.

5.6 **Wat is die verskil tussen die opwekking van Lasarus en die opstanding van Jesus?**

Lasarus word deur die Here opgewek. Hy moes ook weer sterf. Jesus staan op in sy eie krag. Hy sterf nie weer nie.

5.7 **Hoekom word dikwels in die Nuwe Testament na Jesus as die “Seun van Dawid” verwys?**

God het 'n belofte aan Dawid gemaak. *“Jou huis en jou koningskap sal bestendig wees tot in ewigheid . . . jou troon sal vasstaan tot in ewigheid.”*

5.8 **Waarna verwys die woorde “Seun van die mens”?**

Dit verwys telkens na die lyde van Jesus.

5.9 **Waarna verwys die woorde “Seun van God”?**

Dit verwys telkens na die oorwinning van Jesus.

5.10 **Hoe regeer die Messias in die Nuwe-Testamentiese tyd oor sy kerk?**

Met sy Woord en Gees

5.11 **Hoekom kon die Jode nie die woorde “Bekeer julle want die koninkryk van God het naby gekom” aanvaar nie?**

Hulle het gedink hulle Messias sou 'n aardse koninkryk oprig en hulle van die Romeine verlos – 'n mens bekeer jou tog nie tot so iets nie!

5.12 **Wat verkondig Jesus as die hoogste profeet aan ons?**

- Dat Hy die Seun van God is
- Dat God ook die Vader is van hulle wat in Jesus glo
- Dat sy koninkryk gekom het en elke dag nog deurbreek
- Dat Hy die Seun van die mens is wat vir ons gely en gesterf het en vir ons opstaan uit die dood
- Dat Hy die Heilige Gees as Trooster sal terugstuur

5.13 **Waarom word Jesus 'n priester volgens die orde van Melgisedek genoem?**

Ons weet niks van Melgisedek se afkoms of familie nie. Hy was nie vasgevang in die geslagslyn van sondige mense nie. Hy was priester en koning van die Almagtige God. Dit was alles profeties van Jesus wat later gebore is.

5.14 **Hoekom is Jesus Christus die volmaakte Offerlam?**

Hy word sonder gebrek in ons plek as ware offerlam geslag. Dit beteken dat die Here Jesus geen eie sondes gehad het waarvoor Hy gestraf kon/moes word nie. Hy is ten volle vir ons sondes gestraf. Daarom is daar geen lam meer vir ons skuldias voor God en versoening met God nodig nie.

5.15 **Hoe sit Jesus Christus vandag nog sy Hoëpriesterlike werk voort?**

Hy tree met voorbeding vir ons in by ons Hemelse Vader. Hy doen dit op grond van sy bloed wat vir elkeen van ons betaal het, sodat ons met God versoen kan wees.

5.16 **Noem twee teksgedeeltes wat bewys lewer van God as 'n Drie-enige God**

Genesis 1:26,27 – *“Laat Ons mense maak . . .”*

Lukas 3:21,22 – Jesus se doop

Matteus 28:19 – *“Gaan dan heen . . . doop hulle in die Naam . . .”*

**6. DIE TYD VAN DIE PLANTING VAN DIE NUWE-TESTAMENTIESE KERKE**

6.1 **Waar is die beginpunt van die Christelike kerkgeskiedenis?**

Met die uitstorting van die Heilige Gees oor die eerste gemeente in Jerusalem – Handeling 2.

6.2 **Watter voordele het Rome se wêreldwye oorheersing vir die Christendom ingehou?**



- Die apostels kon maklik rondbeweeg sonder probleme met paspoorte.
- Die Romeinse regstelsel het aan vervolgedes 'n billike verhoor gebied.
- Almal kon Grieks as wêreldtaal verstaan.
- Die Romeine het baie goeie padnetwerke gebou.

**6.3 Wat het die mense aanbid wat nog nie van Jesus Christus geweet het nie?**

Hulle het 'n veelgodedom gehad, bv. 'n god van die landbou en een vir die oorlog. Hulle het selfs die Romeinse keiser aanbid.

**6.4 Wat is godsdiens?**

Dit is die bewuste liefde en volle diens aan God met my hele hart, siel, liggaam en verstand. So voldoen ons aan die hoogste openbaring van menswees.

**6.5 Hoe sterk is die greep van die sonde op ons godsdiensuitlewing?**

Dit het ons hart en wil aangetas. Ons het wel die vermoë om te glo behou. Die saad van godsdiens het in elke mens oorgebly.

**6.6 Waar kom die heidendom vandaan?**

Die mens wil God nie dien nie. Nou gaan sy wil in 'n ander rigting. Hy beweeg van die Here af weg en spits hom toe op verganklike dinge asof dit belangriker as God is. Alle heidennasies was vroeër aan God self verbind.

**6.7 Noem twee verskille tussen valse en ware godsdienste.**

- Alle valse godsdienste rig hulle op iets of iemand anders as God. Die ware godsdiens rig hom op God soos Hy Homself in die Bybel openbaar.
- Valse godsdienste glo in verlossing wat hier van die aarde is – van die mens en sy eie vermoë.

**6.8 Waar gee die Here Jesus die sendingopdrag? Wat beveel hy ten opsigte van die doop?**

Matteus 28:19: “. . . doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees.”

**6.9 Wat is die betekenis van die uitstorting van die Heilige Gees?**

Met die uitstorting van die Heilige Gees neem God sy intrek in sy kerk. Die Heilige Gees lei die gelowiges tot bekering en lei die kerk om die Naam van God te verkondig.

**6.10 Wie is die groot sendingapostel?**

Paulus

**6.11 Wat was die sonde van Annanias en Saffira?**

Sonde teen die Heilige Gees. Hulle het God belieg oor geld van hulle eiendom wat aan die kerk oorbetaal is.

**7. DIE GELOOF**

**7.1 Word alle mense deur Jesus verlos?**

Nee

**7.2 Wie verlos Hy dan wel?**

Die uitverkorenes

**7.3 Wie lyf jou in Christus in?**

Die Heilige Gees

7.4 **Wat beteken “heilsorde”?**

Dat die rykdom en resultate van Christus se dood uiteindelik by ons uitkom en in ons lewe toegepas kan word. Dit is die wyse waarop God se genadewerk in ons gestalte kry.

7.5 **Hoe begin God met sy kind werk?**

Deur jou te roep met ’n roeping, nie alleen deur die algemene openbaring – die natuur – nie maar ook met die roepstem van die Heilige Skrif.

7.6 **Ons word uit genade gered. Waarom spoor die Bybel ons dan aan om te stry en deur die nou poort in te gaan?**

Dit is inderdaad so dat ons uit genade gered word, maar dit hef nie my verantwoordelikheid op om reg te lewe nie. Ek kan nie maar net gaan sit en wag dat die Here my red nie. Ek moet God dien en gehoorsaam wees soos Hy dit in sy Woord beveel het.

7.7 **Wat is dus die hoofdoel van die prediking? Motiveer met ’n teks.**

Om mense tot die geloof te bring – Romeine 10:14, 15

7.8 **Beantwoord alle mense hierdie roeping positief?**

Nee, die gelykenis van die saaiër leer dat die saad by baie op droë grond val.

7.9 **Wat is wedergeboorte?**

Dit is die tweede stap in die heilsorde wanneer die Heilige Gees die nuwe lewe in die hart van die gelowige wek. Hier is die mens passief en God werk sy genade. God die Heilige Gees werk bekering in die mense se harte. Dit is nie hulle goedheid of prestasie nie, maar God die Heilige Gees wat verharde harte oopsluit deur wedergeboorte.

7.10 **Kan ons sien wanneer die wedergeboorte in iemand plaasgevind het?**

Ja, want al is dit ’n verborge gebeurtenis, kan die vrugte daarvan gesien word. Die resultaat, naamlik ware geloof, is by ’n wedergeborene sigbaar.

7.11 **Wat is ’n ware geloof?**

’n Gewisse kennis en ’n vaste vertrouwe

7.12 **Wat is historiese geloof?**

Dit is waar iemand al die feite van die evangelie en van God se raad ken, maar dit beteken niks vir hom nie – soos dit met die satan die geval is.

**Wat is tyds geloof?**

Dit is waar iemand tot bekering kom maar net vir ’n rukkie glo.

**Wat is wondergeloof?**

Dit is waar iemand net glo solank as wat daar wonderwerke gebeur.

7.13 **Waarom wil jy belydenis van geloof aflê?**

7.14 **Watter mense ontvang die ewige lewe?**

Alleen dié wat deur ’n ware geloof in Jesus Christus ingelyf is. Alleen deur Jesus Christus is daar vir ons versoening by God.

7.15 **Hoe openbaar geloof hom in 'n mens?**

- Deur geloofskennis – jy glo wat in die Bybel beloof word.
- Deur geloofsvertroue dat wat Jesus Christus gedoen het ook op jou betrekking het.
- Deur geloofswerke. Dit is werke wat wys dat jy belewe wat jy glo.

7.16 **Hoe word die geloof in 'n mens verder versterk en uitgebou?**

Deur Woordverkondiging en bediening van die sakramente – hoor en sien en proe.

7.17 **Hoe is ek seker dat my geloof eg is? Moet ek elke oomblik voluit voel dat ek 'n kind van God is?**

Dit is so dat elke mens fases in sy lewe deurgaen waarin hy ook twyfel. Maar ons geloofsekerheid berus gelukkig nie op ons gevoel of omstandighede nie – dit berus op die vaste waarheid wat God in sy Woord oor ons verlossing geopenbaar het. My sekerheid berus nie op my gevoel nie maar op Jesus Christus se volmaakte kruisversoening.

**8. DIE HEILIGE SKRIF**

8.1 **Waarvandaan kry die Bybel sy gesag?**

Van God

8.2 **Wat is die verhouding tussen die kerk en die Bybel?**

Die Kerk verhef homself nooit bo die Bybel nie, want die Bybel is die openbaring van God en sy wil. Die kerk is ten volle aan God en sy wil gehoorsaam.

8.3 **Verklaar die volgende:**

- **Die Bybel is deursigtig**

Dit beteken dat alle mense die Bybel kan lees en verstaan. Almal sal net nie ewe veel verstaan nie.

- **Die Bybel is sy eie uitlegger**

Om die Bybel te kan verstaan, moet Skrif met Skrif vergelyk word. Sodoende verklaar die Bybel homself.

- **Die Bybel is voldoende**

In die Bybel word die volle wil van God aan ons geopenbaar. Dit is voldoende vir alle lewensterreine en omstandighede. Daarom het ons nie meer Bybelboeke as die bestaandes nodig nie. Apokriewe boeke is onaanvaarbaar as maatstaf vir ons geloof.

8.4 **Hoe openbaar God Hom die duidelikste?**

Deur sy Woord en Gees – ten diepste in Jesus Christus, deur die Heilige Gees wat die geloof in ons werk, want die hele Bybel is as 't ware 'n stelselmatige bekendstelling van Jesus Christus aan ons. In Hom openbaar God sy verlossende genade ten volle.

8.5 **Sal God Hom vandag nog buite die Skrif op 'n ander/nuwe wyse openbaar en kennis aan ons bekendmaak?**

Nee, wat God aan die mensdom van alle tye wou sê, het Hy klaar in sy Woord gesê en met Jesus Christus ten volle verklaar.

8.6 **Wat is die inhoud van die Ou Testament?**

Dit toon God se openbaring aan die mensdom in die ou bedeling van die genadeverbond toe alles nog onduidelik en slegs gedeeltelik geopenbaar was.

8.7 **Wat is die inhoud van die Nuwe Testament?**

Dit beskryf die nuwe bedeling wat die oue ten volle vervul het – NB: nie vervang het nie! Dit het gebeur met Jesus Christus se koms. Hy was die Messias op wie alle gelowiges gewag het.

8.8 **Wie skryf die Bybel?**

God die Heilige Gees

8.9 **Wat beteken dit as ons sê dat die Skrif deur die Heilige Gees geïnspireer is?**

Die Heilige Gees het manne, elk met 'n eie aard en karakter, gelei om God se onfeilbare Woord neer te skrywe. Die Ou-Testamentiese profete sê duidelik: “*So sê die Here HERE.*”

8.10 **Moet ons God se Woord uit die mense se woorde in die Bybel gaan uitsoek asof dit tussen die skrywers se woorde verpak/verskuil lê?**

Nee, al is dit mense wat dit geskryf het, aanvaar ons die hele Bybel as die Woord van God. Dit raak ons nie hoe die Heilige Gees dit tot die eindproduk gevorm het nie.

8.11 **Wat is die apokriewe boeke?**

Dit is boeke wat voorgee om waar – kanoniek – te wees maar is nie in die Bybel opgeneem nie omdat dit in wese, styl en inhoud nie met die kanonieke Bybelboeke ooreenstem nie. Dit het dus geen gesag nie.

8.12 **Watter gesag het die Bybel?**

Goddelike gesag

8.13 **Waarom moet ons die Bybel lees?**

Sonder die Bybel kan ons nie ware kennis van God besit nie en ook nie weet hoe ons salig word en wat die hiernamaals vir ons inhou nie.

8.14 **Mag ons iets byvoeg of weglaat uit die Skrif?**

Nee, want die Here spreek sy oordeel en sy toorn uit oor so 'n mens – Openbaring 22:18.

8.15 **Wat was die doel van die seremoniële wette in die Ou Testament?**

Dit was voorskrifte vir die erediens onder Israel. Dit het simbolies gewys op die werk van die Christus wat nog moes kom.

8.16 **Hoekom het dit dan in ons tyd verval?**

Christus het die werke waarna die wette verwys het, vir ons vervul. Sekere dinge, bv. offers, het verval, want Jesus het Hom klaar finaal vir ons geoffer. NB: Ander dinge, soos die erediens, respek vir die Naam van God en die verbod op doodslag, ens, het gebly.

8.17 **Is die mens in staat om self reg te besluit met al die beskikbare moontlikhede in hierdie lewe?**

Aanvanklik – by die skepping was God se wet in die hart van die mens. Maar die sondeval het 'n verwronge beeld gebring en nou het ons God se leiding – sy Wet – nodig.

8.18 **Hoedanig is ons kennis dan?**

Gebrekkig, want ons weet nie presies wat reg en wat verkeerd is nie. Ons gewete is toegeskroei en afgestomp deur ons gewoontes, opvoeding en omgewing. Daarom kan dit nooit 'n finale maatstaf wees nie.

8.19 **Hoe leer ons dan vandag wat reg en wat verkeerd is?**

Ons hoor die Wet van God en Hy skryf dit as 't ware met sy Gees in ons hart.

#### 8.20 **Is boekekenis van die Wet genoeg?**

Nee, ek moet ook van harte daarna verlang om dit na te streef.

#### 8.21 **Wat is die doelwitte van die Wet van God in ons lewe?**

- Dit is 'n kenbron van ons ellende. Dit is soos om in 'n spieël te kyk – jy sien daarin jou eie sonde en doemwaardigheid raak.
- Verder is dit 'n tugmeester na Christus toe – hoe meer die Wet jou van jou sondes oortuig, hoe meer besef jy dat jy Christus nodig het.
- As reël van ons dankbaarheidslewe wek dit in jou 'n begeerte om voortaan dankbaar te lewe en God daarmee te verheerlik.

#### 8.22 **Hoe word die Wet verdeel?**

In twee dele:

- 1 – 4: Ons houding teenoor God
- 6 – 10: Ons houding teenoor ons naaste

### 9. **BELYDENISSKRIFTE**

#### 9.1 **In watter groot groepe sal u die heidense godsdienste verdeel?**

- Heidense godsdienste – alle inheemse splintergroepe van primitiewe kulture.
- Die Joodse godsdiens – verwerp die Nuwe Testament, die Drie-eenheid. Dit lê klem op die werke van die Wet en die Ou Testament.
- Mohammedanisme – Islam – moslems. Stigter Mohammed. Hul god is Allah. Hulle heilige boek: Koran.

#### 9.2 **Kan ons beweer dat alle godsdienste in wese tog gelyk is en dat ons tog almal op ons eie wyse en siening saligheid sal bereik?**

Nee, want “niemand kom tot die Vader behalwe deur My – Jesus nie” – Johannes 14:6.

#### 9.3 **Noem die hoofgroepe in die Christelike godsdiens**

- Die Rooms-Katolieke Kerk (RKK). Hulle dwaal ten opsigte van pouslike gesagstoekening. Hulle kerklike tradisies is gelyk aan die Bybel. Hulle vereer heiliges. Hulle glo hulle verwerf saligheid met hulle goeie werke. Hulle oorbeklemtoon die sakramente.
- Die Oos-Ortodokse Kerke. Hulle dwaal en opsigte van hulle siening van die Drie-eenheid: Die Seun is ondergeskik aan die Vader. Die Heilige Gees gaan net van die Vader uit.
- Die Protestantse kerke. Hulle breek met die reformasie van die RKK af weg. Hulle is die Lutherse en Calvinistiese kerke – asook al die Wederdopergroepe. Ons is Calviniste. Ons gaan van die standpunt uit dat ek God eer omdat ek reeds die saligheid in Christus ontvang het.

#### 9.4 **Wat is die kardinale waarheidsmomente van die Gereformeerde Kerke?**

- Die Heilige Skrif is die onfeilbare Woord van God.
- Ons spreek ons geloof uit in ons belydenisskrifte. Dit is geskrifte waarin die kerk saamvat wat hy vir die waarheid hou volgens God se Woord.

#### 9.5 **Wat is die uiteindelijke doel van die belydenisskrifte?**

- Dis 'n wapen teen dwaalleer en teen eie dwaling.

- Dit sê wat 'n ware godsdiens is.
- Dit bind gelowiges in eenheid saam.
- Dit gee suiwer en ware godsdiens, asook interpretasie, aan die nageslagte deur.

9.6 **Watter belydenisskrif word by die Sinode van Dordt opgestel as die Gereformeerde uiteensetting van die uitverkiesingsleer?**

Die Dordtse Leerreëls

9.7 **Watter ander belangrike beginseluitsprake is by dié geleentheid oor die organisasie van die kerk gegee?**

Die Dordtse Kerkorde met 86 artikels

9.8 **Hoekom het die kerk 'n kerkorde?**

Dit is ordereelings wat die kerklike organisasie vanuit die Skrif op 'n Bybelse wyse reël.

9.9 **Hoekom is die Sinode van Dordt 1618/19 vir ons kerk belangrik?**

Dit is met hierdie Gereformeerde leer, ordereelings en Skrifbeskouing waarmee Jan van Riebeeck en sy mense hier aangeland het.

9.10 **Wat is belydenisskrifte?**

Dit is opsommings van bepaalde geloofswaarhede soos wat dit in die Bybel voorkom.

9.11 **Wat is die verhouding tussen die Bybel en die belydenisskrifte?**

Belydenisskrifte beroep hulle vir die waarheid wat hulle bevat altyd op die Bybel.

9.12 **Noem die algemene belydenisskrifte.**

Apostoliese Geloofsbelydenis, Belydenis van Nicea en die Belydenis van Athanasius

9.13 **Watter geloofsbelydenis handel oor Jesus wat een Wese is met die Vader?**

Geloofsbelydenis van Nicea – geskryf 325 n.C.

9.14 **Noem die formuliere van eenheid.**

Die Nederlandse Geloofsbelydenis (NGB), Heidelbergse Kategismus (HK) en die Dordtse Leerreëls (DL)

## 10. DIE KERK

10.1 **Wat beteken die woord *kerk*? Wat beteken *kuriakê* en *ekklesia* in die Griekse Nuwe Testament?**

- Wat aan die Here behoort
- Vergadering of gemeente van gelowiges – letterlik: uitverkorenes

10.2 **Wat beteken *die algemene Christelike kerk*?**

Dit is alle gelowiges deur alle tye oor die hele wêreld.

10.3 **Wat word bedoel met 'n *plaaslike kerk*?**

Die sigbare vergadering van gelowiges wat selfstandig op 'n spesifieke plek bestaan.

10.4 **Wie is die Hoof van die Kerk op aarde?**

Jesus Christus

10.5 **Watter middele gebruik Jesus Christus om sy kerk te versamel?**

Sy Woord – die Bybel – en die Heilige Gees

**10.6 Hoekom leer ons openbaringsgeskiedenis?**

Ons sien daarin hoe Jesus Christus te midde van die wêreldgeskiedenis sy kerk vergader, beskerm en bewaar.

**10.7 Wat word die kerk op die aarde genoem?**

Die strydende kerk

**Wat word die kerk in die hemel genoem?**

Die triomferende – oorwinnende – kerk

**10.8 Wie word deur Christus gebruik om sy regering oor sy kerk uit te voer?**

Ouderlinge wat deur die gemeente uit die gemeente verkies word onder die leiding van God die Heilige Gees.

**10.9 Hoeveel soorte ouderlinge is daar?**

- Lerende ouderlinge – predikante
- Regerende ouderlinge – by ons: die ouderling

**10.10 Watter amp het later in die vroeë kerk die oorspronklike ouderlingsamp verdring en met menslike mag begin regeer?**

Die biskoplike amp

**10.11 Het die biskoppe nog aan die vereistes van die Woord voldoen?**

Nee, sommiges het op menslikerwyse sonder die Woord leiding gegee. Hulle werk na 'n magposisie waar hulle alleen sê het.

**10.12 Wat glo jy van jouself en die kerk?**

Dat ek 'n lewende lid van die kerk is en dit sal bly solank as wat ek lewe.

**10.13 Wat beteken *kuriakê* en *ekklesia*?**

*kuriake* beteken *wat aan die Here behoort*.

*ekklesia* beteken *uitgeroepes/bymekaargemaaktes*.

**10.14 Gaan alle mense in die kerk hemel toe?**

Nee, daar is baie skynheiliges in die kerk. Hulle glo nie werklik nie.

**10.15 Wie is die enigste Hoof in die kerk en waarom?**

Jesus Christus is die enigste Hoof van die Kerk. Daarom mag ons eie belange, voorkeure of gemak nie 'n heersende of 'n beslissende rol in die kerk speel nie. Die Here Jesus moet deur ons geëer en geloof word, want Hy is ons Koning.

**10.16 Wat is 'n heilige, algemene, Christelike kerk?**

- Die vergadering van gelowiges wat almal in Jesus Christus glo. Die woord *heilige* beteken dat die kerk sy heiligheid alleen deur Jesus Christus se bloed verkry. Die woord *algemeen* beteken dat die kerk uit alle volkere, nasies en tale verkies word.
- Hulle is almal deur God uitverkies nog voordat die hemel en die aarde geskape is – Efesiërs 1:4.
- Die Drie-enige God onderhou, bewaar en vermeerder hulle van die skepping af tot met die wederkoms deur sy Woord en Gees.
- Hierdie gelowiges sien hulleself bevry deur die bloed van Jesus Christus.

- Hulle sien hulle geheilig en verseël deur God die Heilige Gees.
- 10.17 **Wat is my plig as gelowige teenoor Jesus Christus se kerk? Teks?**  
Ek moet my voeg by die liggaam – die gemeente van Jesus Christus. 1 Korintiërs 12:12.
- 10.18 **Watter belydenisskrif wys daarop?**  
Nederlandse Geloofsbelydenis, art. 28
- 10.19 **Hoe verskil die kerk van ander menslike organisasies?**  
Dit is 'n organisme, 'n planting en 'n begin deur die Here self. Daarom is dit geen vereniging of genootskap nie.
- 10.20 **Noem die buitengewone ampte waardeur Jesus Christus in die begin sy kerk regeer het?**  
Apostels, evangeliste, profete
- 10.21 **Wat was die kenmerke van die apostels?**
- Hulle was oor- en ooggetuies van Jesus se preke en werke.
  - Hulle het besonderlik met die krag van die Heilige Gees gewerk.
  - Hulle het besondere gawes gehad en hul werk is bevestig met wonders.
- 10.22 **Noem die gewone ampte in die kerk?**
- Herders en leraars – profetiese amp
  - Ouderlinge – koninklike amp
  - Diakens – priesterlike amp
- 10.23 **Wat verstaan u onder *die amp van die gelowiges*?**
- Elke gelowige is self ook 'n koning, profeet en priester.
  - Ons stry en oorwin in ons eie lewe as konings teen die sonde.
  - Wanneer ons ander mense – veral behoeftiges – help en vir hulle voorbidding doen, tree ons as God se priesters op.
  - Ons tree as God se profete op wanneer ons met ons lewe – woord en daad – sy Naam verkondig.
- 10.24 **Noem die vyf groot kerkregeringstelsels**
- Die RKK – die Pous het hoogste gesag.
  - Lutherse – die koning bepaal die godsdienstige rigting en die kerk word die hele volk se kerk – volkskerk.
  - Independentistiese – elke gemeente neem sy eie besluite sonder om ander kerke in ag te neem.
  - Kollegialistiese – die hoogste vergadering neem die besluite en almal moet gehoorsaam, soos verskillende takke by 'n genootskap.
  - Presbiteriale – elke plaaslike gemeente is selfstandig en regeer homself. Oor gemeenskaplike sake besluit meer kerke saam op 'n meerdere vergadering.
- 10.25 **Watter inspraak het die staat by die kerk?**  
Geen. Die kerk en staat het elk sy eie terrein met taak en regte. Dit is ook so dat die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika 'n stel deputate benoem wat gesprek voer met die owerheid. Hierdie deputate bring beginselsake onder die regering se aandag en onderhandel hieroor met die regering.
- 10.26 **Watter kerkorde het die Gereformeerde kerke?**



Die Dordtse Kerkorde wat bestaan uit 86 artikels

**10.27 Wanneer vorm plaaslike kerke – gemeentes – saam een kerkverband?**

- Wanneer daar eenheid in belydenis is – die drie formuliere van eenheid: Nederlandse Geloofsbelydenis, Heidelbergse Kategismus en Dordtse Leerreëls.
- Wanneer daar eenheid in diens is – die erediens en sakramentsbediening dieselfde.
- Wanneer daar eenheid in kerkregering is – tug.
- Kortweg staan dit bekend as eenheid in diens, leer en tug.

**10.28 Wat is ’n attestaat?**

NB: Dit is nie ’n lidmaatskapsertifikaat nie. Dit is bloot ’n getuigskrif van jou kerklike leer en lewe wat jou by die volgende gemeente laat inskakel.

Dit is alleen binne een kerkverband geldig. Hierdie attestaat – getuigskrif – moet so gou moontlik van die kerkraad aangevra word wanneer jy vertrek. Jy handig dit self by die volgende gemeente in.

**10.29 Wat is die kentekens van die ware kerk?**

- Suiwer bediening van die Woord
- Suiwer bediening van die sakramente
- Suiwer uitoefening van die tug

**10.30 Wat is suiwer bediening van die Woord?**

- Elke preek moet suiwer verkondiging uit God se Woord wees. Daar mag nie “storievertellery” plaasvind nie.
- Elke preek moet Christus-verkondiging wees.
- Elke preek moet die elemente van oordeel – vermaning oor die sonde, maar ook genade – troos van vergiffenis – bevat.
- Elke preek moet ook lerend of onderrigtend van aard wees.

**10.31 Hoe werk die Woord van God – hoe omvattend?**

- Na binne – bou die gemeente se geloof
- Na buite – dwing ons om die evangelie na buite uit te dra

**10.32 Hoekom is daar ook so iets soos tug in die kerk?**

- Dit is in die eerste plek om God se eer te dien.
- Verder is dit tot behoud van die sondaar.
- Daarmee saam hou dit die gemeente se naam heilig.

**10.33 Wie oefen die tug uit?**

In wese Jesus Christus. Hy doen dit deur die ouderlinge wat sy wil uitvoer.

**10.34 Wat is die karakter van kerklike tug?**

Dit is geestelik, oorredend van aard. Dit is nie vergeldend of strawwend soos in die burgerlike regsweese en uitspraak van howe nie.

**10.35 Hoe verloop tug?**

- Dit begin in die gemeente by onderlinge vermaning as jy merk dat ’n medelidmaat hom in leer en lewe misgaan – Matteus 18:15.

- Indien daar geen gehoor is nie, neem dan nog 'n getuie saam.
- As daar nog geen berou is nie, of as dit 'n openbare growwe sonde is – baie weet al daarvan – moet dit by die kerkraad aangemeld word.

**10.36 Wanneer word iemand van die Nagmaal afgehou?**

Wanneer daar 'n growwe sonde begaan is, of 'n ondersoek na 'n saak nog nie afgehandel is nie, of wanneer 'n persoon na vermaning nog in die sonde volhard.

**10.37 Hoe verloop die finale trappe van sensuur of ban?**

- As daar na herhaaldelike vermaning geen verandering by die lidmaat is nie, word dit aan die gemeente bekendgemaak dat 'n broeder/suster 'n sekere gebod oortree het en dat vir die persoon gebid moet word. Geen name word genoem nie.
- As daar nog verharding is, raadpleeg die kerkraad, verkry advies van die klassis en dan word die naam met die sonde aan die gemeente afgekondig.
- Die derde trap is afsnyding volgens die formulier daarvoor agter in die Psalmboek.

**11. DIE VOLHARDING VAN DIE HEILIGES**

**11.1 Is die ware gelowige sonder sondes?**

Nee, maar hy moet nie in sy sondes bly lê nie.

**11.2 Noem 'n voorbeeld van iemand wat diep in sonde geval het, maar wat diep berou gehad het daarvoor.**

Dawid. Hy het met Batsaba oortree. Sy berou word duidelik weergegee in Psalm 51 en 32 wat hy altwee geskryf het nadat die Here Natan gestuur het om met hom te praat oor hierdie gebeurtenis.

**11.3 Mag mens twyfel oor sy saligheid?**

Nee. Wanneer ons twyfel, moet ons altyd onthou dat die sekerheid van ons saligheid nie in ons eie krag lê nie, maar in die krag van die Here se genade en sy verlossingsraad.

Twyfel jy oor jou saligheid?

**11.4 Waarin rus die sekerheid van jou verlossing?**

In die raad van God die Vader en in die soenverdienste van Jesus Christus en in die kragtige werking van God die Heilige Gees in my.

**11.5 Wat is ware godsdiens volgens die eerste gebod?**

Deur God te aanbid met oorgegewenheid:

- Met jou hoof – kennis van God
- Met jou hart – vertrou in God
- Met jou hand – doen van sy wil

**11.6 Wat verbied die tweede gebod?**

- Jy mag geen afbeelding van God maak nie.
- Alle eiewillige diens van God.

**11.7 Hoe moet ons God wel leer ken as dit nie volgens 'n afbeelding mag wees nie?**

Soos wat Hy Hom in sy Woord geopenbaar het

**11.8 Wat verbied die derde gebod?**

Hy verbied ons om te vloek, valse eedswering af te lê, of onnodig te sweer. Hy verbied ook die verswyging van sy Naam. Dit moet gebruik word, maar met eerbied en in aanbidding.

**11.9 Hoekom vloek mense?**

- Dit is 'n neiging van elke sondaar.
- Te swak in argumente probeer jy so krag gee aan jou saak.
- Dit is onnadenkende optrede van 'n swakkeling.

**11.10 Hoekom mag ons glad nie sweer nie?**

Ons roep God as Getuie in en dan beteken dit baie keer dat God ons leuens moet bevestig.

**11.11 Wat antwoord jy as jy in die hof die eed moet sweer?**

Ek bevestig dat dit wat ek gaan getuig, net die waarheid is.

**11.12 Noem 'n teks wat dit van 'n Christen verwag?**

Matteus 5:37: *“Laat julle ‘ja’ eenvoudig ‘ja’ wees, en julle ‘nee’, ‘nee’...”*

**11.13 Op watter wyse moet ons God se Naam gebruik?**

Met eerbiedige vrees en respek

**11.14 Lê ons enige bindende beloftes af in die kerk?**

Ja,

- by my aflegging van belydenis van geloof;
- by my huwelik;
- by die bevestiging van ampsdraers; en
- by die doop van my kind.

**11.15 Waarom moet die Sabbatdag onderhou word?**

- Dit is 'n geleentheid van herinnering aan ons verlossing.

**11.16 Hoekom vier ons nie meer die Sabbat op die sewende dag nie, maar op die eerste dag van die week?**

- Christus het op die eerste dag van die week – Sondag – opgestaan.
- Met die uitstorting van die Heilige Gees kry samekomste van die vroeër gemeentes ook hul vasgestelde tyd op die eerste dag.
- Op die dag is dit afdra van die gawes vir die armes.

**11.17 Hoe verskil ons rus van dié in die Ou Testament?**

- Hulle werk ses dae en dan rus hulle – simbolies van werk met die verwagting dat die Messias wat rus bring, nog kom en dat die saligheid van die hemel voorlê nadat ons ons lewe lank hard gewerk het.
- Ons rus eers en dan werk ons ses dae – begin by eerste dag – dit is simbolies van Christus wat die werkopdrag voltooi het. Nou kan ons eers rus in sy genade en dan met krag vir ses dae gaan werk.
- Dankbaarheid volg op God se werke van genade.

**11.18 Hoe vier die Nuwe Testament die Sondag?**

- Christus het al in die sinagoge saam met ander aanbid.

- Dit mag nie onder nuwe menslike bepalinge geskied nie.

11.19 **Hoe vier ons die Sondag?**

- Deur te rus van ons gewone daaglikse werk, maar aktief met die werke van die Here besig te wees
- Eredienste, gemeenskap met gelowiges en offergawes

11.20 **Noem 'n teks wat die samekomste op Sondag aanmoedig?**

Hebreërs 10:25: “. . . en laat ons die onderlinge byeenkomste nie versuim soos sommige die gewoonte het nie . . .”

11.21 **Waar kom gesag vandaan?**

God is die absolute Gesaghebber en Hy voer dit uit deur mense met gesag te beklee.

11.22 **Noem 'n teks ter motivering?**

Romeine 13:1

11.23 **Is gesagsdraers onfeilbaar?**

Nee, sondaars, maar hulle is middele in God se hand.

11.24 **Wat verbied die sesde gebod?**

Doodslag met hand, hart, gedagtes of tong

11.25 **Hoekom tree mense in die huwelik?**

- Dit is 'n skeppingsordinansie van God en nie maar net 'n kontrak tussen twee mense nie.
- Dit bring orde in 'n mens se lewe. Jy is nie bandeloos soos 'n dier nie.

11.26 **Wat is die doel van die huwelik?**

- Ordelyke opvoeding en instandhouding van die menslike geslag
- Die genadeverbond loop so deur die geslagte tot in die eindtyd
- Onderlinge hulpverlening
- 'n Afskaduwing van die gemeente se verhouding met haar Bruidegom, Jesus Christus

11.27 **Waarom is kuisheid nodig?**

Ons liggame is 'n rein tempel van Christus.

11.28 **Wat leer die agtste gebod?**

God besit alles. Ons is hoogstens rentmeesters.

11.29 **Hoe verkry ons ons besittings?**

Deur arbeid en handel

11.30 **Wat is my verpligtinge teenoor my medemens op die terrein van my besittings en gawes?**

- Ek moet so werk dat ek ook nog aan die armes kan gee.
- Dit beteken dat ek ook die lewe van ander in stand moet hou.

11.31 **Wat verbied die negende gebod?**

- Valse getuienis, verdraaiing van woorde
- Om ander onverhoed te oordeel

- Kwaad te spreek

11.32 **Hoekom mag jy nie verkeerdelik dit begeer wat aan ander behoort nie?**

Omdat nie net uiterlike gehoorsaamheid van ons geëis word nie, maar ook innerlike gehoorsaamheid.

11.33 **Wat is die Wet in kort saamgevat?**

Lees Matteus 22:37-40.

11.34 **Was Christus net 'n voorbeeld van 'n goeie lewe vir ons?**

Nee, Hy is meer – ons Borg en Middelaar, ons Leidsman, maar self ook die Deur na die ewige lewe.

11.35 **Waarop dui die woorde *u koninkryk*?**

Dit dui op God se heerskappy oor ons lewe, maar ook op alle ander terreine van die lewe.

11.36 **Noem 'n teksgedeelte wat daarop dui dat ons ons skuldenaars ook moet vergewe?**

Gelykenis van die onbarmhartige skuldeiser – Matteus 18:15-35

11.37 **Wat beteken *Amen*?**

Dit staan vas. Ek berus en vertrou in God.

**12. LEWE NA DIE DOOD**

12.1 **Waar is jy die oomblik as jy sterf? Waar lees jy dit?**

Die gelowige is in vrede by sy God – Lukas 23:43; Lukas 16:21 e.v.

Die ongelowige is in die verdoemenis en ellende sonder God – die hel.

12.2 **Is daar bekering na die dood moontlik?**

Nee. Dan vind God se oordeel plaas oor die mens wat doodgegaan het.

12.3 **Wanneer betree jy die volle saligheid?**

By die wederkoms van Jesus Christus

12.4 **Wat is:**

- **die eerste dood?**

Dit is die liggaamlike dood wat alle mense sterf.

- **die eerste opstanding?**

Dit is wanneer dié wat salig sterf, dadelik na hulle dood by Christus in die hemel is. Vgl. Lasarus in Lukas 16:21 e.v.

- **die tweede dood?**

Dit is wanneer die mense wat ongelowig sterf, hulle liggame terugkry, hulle liggame en siele verenig word en hulle met liggaam en siel in die ewige hel gegooi word.

- **die tweede opstanding?**

Hierdie tweede opstanding vind plaas by die wederkoms van die Here Jesus. Dit is wanneer die mense wat salig gesterf het, hulle liggame terugkry. Hulle liggame en siele word weer verenig en hulle gaan dan met liggaam en siel in die volle saligheid van die Here in.

12.5 **Wat is die tekens van die tye?**

- Groot verval in geloofslewe, valse profete
- Oorloë, verkoeling van liefde
- Hongersnood en aardbewings
- Liefhebbery van genot

#### 12.6 **Hoe onderskei ons tussen:**

- **geestelike dood**

Dit is 'n verbreking van die band met God in my lewe. Dit is om sonder God te leef. Dit is dat die mens dood is in sonde en misdade en alleen deur wedergeboorte gered kan word.

- **tydelike dood/liggaamlike dood**

Dit is wanneer mens sterf. Dit is die feit dat die mens graf toe gaan.

- **ewige dood**

Dit is die finale verbreking van die band met God in die ewige hel. Dit is dat sommiges vir ewig straf in die hel moet verduur.

#### 12.7 **Hoe vergelyk die laaste dae voor Jesus Christus se wederkoms met die dae van Noag?**

Dit sal dieselfde boosheid bevat as in die dae van Noag.

### 13. **SONDE**

#### 13.1 **Waar vind die eerste sondeval plaas?**

In die hemel

#### 13.2 **Wat het daar gebeur?**

Die duiwel het in sonde geval. 'n Derde van die engele het saam met hom geval. Ons weet nie presies wat gebeur het nie. Al wat ons weet, is dat opstand, leuens en verwaandheid 'n rol gespeel het.

#### 13.3 **Wat is sonde in werklikheid?**

Dit is moedswillige hoogmoed en ongehoorsaamheid teen God deur openlik met woord en daad teen God te rebelleer. Die sonde stuur ons lewe in die dood in omdat dit ons verander in Godhaters. 1 Johannes 3:4 leer dat sonde ongeregtigheid is – verbreking en skending van enige vorm van gehoorsaamheid aan die Here.

#### 13.4 **Hoe kom mens vry van die dood/hel?**

Ons kan alleen van die ewige dood of die hel vry kom deur van die geestelike dood ontslae te raak. Dit gebeur deur die werking van die Heilige Gees wanneer ons tot ware geloof in Jesus Christus kom.

#### 13.5 **Wat dryf die satan om die mens in sonde te verlei?**

- Jaloesie teen God. Hy wou steeds die aanbidding aan die Here vir homself toe-eien.
- Haat teen God.
- Jaloersheid oor die volmaakte verhouding wat steeds tussen God en die mense bestaan het.

#### 13.6 **Waarom gaan hy na Eva toe?**

Hy dwing haar om buite die terrein van haar opdrag te beweeg. Adam moes as hoof van die

mensdom waak teen die indringing van die satan.

13.7 **Wat is erfsonde en erfsmet?**

Erfsonde is sondes wat ons van ons voorouers erf. Erfsmet is die vuilheid of smet van die sondes wat aan ons kleef.

13.8 **Het die hele menslike geslag saam met Adam in sonde geval?**

Ja – 1 Korintiërs 15:21, 22

13.9 **Wanneer is daar vergifnis moontlik?**

Na grondige berou en bekering

**14. GOD**

14.1 **Hoe maak God Hom aan die mens bekend?**

- Deur die algemene openbaring – skepping en natuur vertel dat 'n magtige God alles geskape het. Vgl. Romeine 1:18.
- Deur die besondere openbaring van sy Woord: Dit is God se verlossing in Jesus Christus. Die algemene openbaring leer dat daar 'n God is, maar sê niks oor wie Hy presies is en oor my eie verlossing en saligheid nie.

14.2 **Hoe het God Hom in die verlede self aan die mensdom geopenbaar?**

Godsverskyninge – aan Abraham, wolkkolom, visioene, engele. Hy het Hom veral deur die profete geopenbaar en daarna deur die koms van Jesus Christus en deur die uitstorting van die Heilige Gees.

14.3 **Kan die mens homself verontskuldig en sê dat hy nooit van God gewees het nie?**

Nee, God se openbaring in die natuur is genoeg vir elkeen om te besef dat daar 'n lewende God is. Vgl. Romeine 1:18 e.v.

14.4 **Hoe openbaar God Hom die duidelikste?**

Deur sy Woord en Gees. Ten diepste in Jesus Christus, want die hele Bybel is as 't ware 'n stelselmatige bekendstelling van Jesus Christus aan ons. In Hom openbaar God sy verlossende genade ten volle.

14.5 **Hoekom het God Homself so ten volle geopenbaar?**

Omdat Hy daarmee openbaar dat Hy volle beheer oor die satan het. Hy vestig daarmee sy eer en sy wil om verlore mense te red.

14.6 **Watter troos hou die leer van die voorsienigheid vir ons in?**

- Dat God se onderhouding en regering spesifiek op God se volk toegespits is.
- Daarom bely ons dat daar nie iets soos toeval is of dat die noodlot oor iets beskik nie.
- Ek mag weet dat God alles vir sy gelowiges ten goede laat gebeur – al verstaan ek nie alles nie.

14.7 **In hoeveel persone bestaan God?**

Drie – die Vader, die Seun en die Heilige Gees

14.8 **Hoe bestaan God?**

God is Gees. Hy bestaan ewig en is een Wese.

14.9 **Wat beteken:**

- **HERE?**

Die naam is *JHWH* en beteken *God in sy ewige bestaan*. Dit is die Here se verbondsnaam.

- **Messias?**

Dit is die Hebreeuse naam wat presies dieselfde beteken as die Griekse naam *Christus*. Al twee beteken *Gesalfde* en dui op die amptelikheid van Jesus se werk.

14.10 **Watter werk verrig elkeen van die Persone van God?**

- Vader – Skepper en Bestierder
- Seun – Verlosser
- Heilige Gees – Leidsman en Versterker in die geloof

14.11 **Wat is die raad van God?**

Dit is die beskikking van God oor alles wat gebeur het, gebeur en sal gebeur. Die inhoud is: skepping, sondeval, verlossing.

14.12 **Wat is die uitverkiesing**

- Dit is die ewige raadsbesluit van God.
- Hy het 'n uitverkore menslike geslag vasgestel.
- Hy roep hierdie sekere uitverkore groep tot geloof.
- Hy bewaar hulle oor die eeue heen deur alle geslagte.
- Hy verklaar hulle in die eindoordeel regverdig.
- Hy noem hulle sy kerk.

14.13 **Hoe kry ek sekerheid dat ek deel is van die Goddelike uitverkiesing?**

- Wanneer ek glo dat ek deur die Heilige Gees in 'n ware geloof in Jesus Christus ingelyf is.
- My geloof in die soewereiniteit van Jesus Christus.
- Wanneer ek God kinderlik vrees en respekteer.
- Omdat ek werklike droefheid oor my sondes belewe.
- Omdat ek honger en dors na God se nabyheid.

14.14 **Kan ons ooit daarvan praat dat die keuse om 'n uitverkorene te wees by die mens berus, sodat hyself kan kies of hy God wil aanvaar of verwerp?**

Nee. As iemand die evangelie in geloof aanneem, is dit 'n teken van God se genade in hom. As iemand in ongeloof volhard – sy lewe sal dit wys – bewerk hyself die resultaat, naamlik verwerping.

14.15 **Wat staan in Romeine 9?**

Die Goddelike uitverkiesing

14.16 **Wat is die einddoel van God se raad?**

Die koms van die koninkryk van God en die verwerping van die goddeloses in die hel

14.17 **Wanneer is jy uitverkies en waar lees jy dit?**

Efesiërs 1:4 en Romeine 9

14.18 **Is Jesus 'n God-mens? Wat is die verskil tussen *God en mens* en *God-mens*?**

Nee, Jesus was nie 'n God-mens nie. Dit is die soort karakter wat ons altyd in die vervalsing van die openbaring van God vind. Dit beteken dat sodanige karakter 'n mens is met goddelike eienskappe. Jesus was werklik voluit God self, terwyl Hy ook honderd persent mens was.



**14.19 Waarom is Jesus waaragtig mens? Waarom is Hy waaragtig God?**

Jesus was 'n waaragtige mens omdat God net 'n mens wou straf vir die sondes wat die mense teen Hom gedoen het. Aan die ander kant moes Jesus waaragtig God wees, anders sou Hy nooit in staat gewees het om die toorn van God teen die mense se sondes te dra nie. Die toorn van God sou Hom uitgewis het.

**14.20 Hoekom is Jesus se priesterskap volmaak genoegsaam?**

Hy was Koning en Priester gelyk volgens die orde van Melgisedek. Dit wil sê ewiglik en nie van mensegeslagte afhanklik nie.

**14.21 Hoe het Jesus sy priesterskap op aarde bedien?**

- Deur as Hoëpriester van God Homself te offer!
- Deur vir die volk te bid en hulle te seën.

**14.22 Is ons ook as gelowiges priesters van God?**

Ja, omdat ons ons lewe aan God as 'n lewende dankoffer moet toewy.

**14.23 Hoe het Jesus op aarde sy koninklike deugde geopenbaar?**

- Deur sy wondermag
- Deur van die begin af teen die satan te stry

**14.24 Wat beteken dit vir ons om ook konings – in die geloof – te wees?**

Om met alle krag teen die sonde te stry en te oorwin.

**14.25 Sien jy die Heilige Gees as 'n krag bykomend by Jesus Christus om sy werk voort te sit?**

Nee, Hy is die derde Persoon in die Goddelike Drie-eenheid, maar werk as 'n krag in ons binneste.

**14.26 Hoe leer die skrif ons dat Hy ook God is?**

- Hy word met 'n Goddelike Naam genoem – *“Die Here is die Gees . . .”* – 2 Korintiërs 3:17.
- Hy het Goddelike deugde.
- Hy doen Goddelike werke.
- Hy ontvang Goddelike eer.

**14.27 Werk die Heilige Gees los en afsonderlik van Jesus Christus?**

Nee, Hy openbaar niks meer as Jesus Christus, wat alles verklaar het wat nodig is om te weet nie.

**14.28 Wat is sonde teen die Heilige Gees?**

Om opsetlik die werke van die Heilige Gees te verag, of om dit aan die duiwel toe te skryf as van geen waarde vir jou nie. Dit kom die duidelikste na vore in mense wat deur die werk van die Heilige Gees tot geloof en bekering gekom het, maar dan die Here en alle geloof verwerp en in die plek daarvan ateïsme of enige ander godsdiens aanvaar.

**14.29 Hoe verskil dit van die gelowige wat die Heilige Gees met sy optrede bedroef?**

'n Gelowige besef elke keer sy sonde en traagheid en toon boete en berou. Hierdie berou maak dat dit nie sonde teen die Heilige Gees is nie. Daarom lei die Heilige Gees sulke mense om tot bekering te kom en weer uit hulle sondes op te staan.

**14.30 Hoe openbaar die Heilige Gees Hom in die Ou Testament?**

Deur enkelinge met talente en gawes te bedeel, bv. die kunstenaars Besáleël en Ohóliab.

**14.31 Wat doen die Heilige Gees?**

Hy is die ander Trooster wat deur Jesus Christus belowe is. Hy gaan van sowel die Vader as van die Seun uit. Hy sit die werk voort wat Jesus aan die kruis gedoen het.

**14.32 Waar val die uitstorting van die Heilige Gees – Pinkster – in die kerklike jaar?**

50 dae na Paasfees – Goeie Vrydag

10 dae na Hemelvaart

**14.33 Watter tekens gaan met die Gees se koms gepaard?**

Geweldige rukwind, tonge soos van vuur, spreek in ander tale

**14.34 Hoe weet ek dat ek die Heilige Gees besit?**

Wie in God glo, in Jesus Christus glo, het die Heilige Gees. Niemand kan in Jesus Christus glo as die Gees nie in hom/haar die gawe skenk nie.

**14.35 Wat weet u van die engele?**

Hulle is nie liggaamlike wesens nie maar dienende geeste. Hulle getal is van die begin af vas en volkome. Ons ken twee soorte, naamlik gerubs en serafs. Hulle is die Here se boodskappers en strydery. Hulle beskerm die gelowiges. Daarom word klein kindertjies wat doodgaan, nie engeltjies met vlerkies nie!

**14.36 Waar kom bese geeste vandaan?**

Openbaring 12 praat van 'n derde deel van die engele wat ontrou geword het. Hulle was hoogmoedig en verwaand en wou God nie meer dien nie. Hulle hoof is die satan.

**15. DANKBAARHEID**

**15.1 Wat is die vernaamste deel van die dankbaarheid?**

Die gebed

**15.2 Waarom is gebed noodsaaklik?**

- Ons dank God daarmee en bely so ons afhanklikheid van die Here.
- Dit is ook sy wil dat ons moet bid.

**15.3 Hoe moet ons bid?**

- Met die regte hartsgesindheid
- Met besef van my nederige toestand
- In die Naam van Christus
- Eerbiedig en met diepe afhanklikheid

**15.4 Waarmee moet ons rekening hou in die verhoring van ons gebede?**

- Dat God se wil anders kan wees.
- Dat ons siening van die “goeie vir ons” nie altyd God se siening van die “goeie vir ons” is nie.
- Ons vertrou egter nogtans op verhoring wanneer ons opreg in die geloof bid.

**15.5 Wat vorm naas my eie liggaamlike en geestelike behoeftes nog 'n belangrike deel van my gebed?**

Voorbidding vir my naaste

15.6 **Waarop dui die bede “Laat u Naam geheilig word”?**

Dat ons God reg mag ken en dien.

15.7 **Waarom doen jy goeie werke?**

Uit dankbaarheid vir al God se genade. Dus om God te eer.

15.8 **Wat is die afsterwe van die ou mens?**

Daaglikse bekering: Die aflê van die sonde.

15.9 **Wat is die opstanding van die nuwe mens?**

Ook daaglikse bekering, maar dan as ’n groeiproses in heiligwording. Dit is om al meer en meer teen die sondes te oorwin en daardeur die koningsbeeld van die Here al meer te vertoon.

**16. SLEUTELMAG**

16.1 **Wat is ’n sakrament?**

- Waartekens en seëls waardeur ons sigbaar die beloftes van God se Woord beter kan verstaan.
- Dit is iets wat aan ons gedoen word.

16.2 **Wat is die verhouding tussen Woord en sakrament?**

Die Woord wek die geloof en die sakrament versterk die geloof.

Daarom volg die sakrament op Woordverkondiging.

Daarom kan jy ook nie ’n sakrament ontvang los van en buite die erediens nie.

16.3 **Wie se bevoegdheid hanteer die kerkraad wanneer hulle die tug uitoefen?**

Die bevoegdheid van Jesus Christus

16.4 **Wat is die karakter van die kerklike tug?**

Dit is geestelik en dienend van aard.

16.5 **Wie word getug?**

Mense wat volhard in hulle sondes

16.6 **Waar begin die tug?**

In die gemeente – Matteus 18

16.7 **Beskryf die drie trappe van sensuur volledig.**

*Eerste trap:* Die persoon word die sakramente verbied. Die saak en die gebod word aan die gemeente bekendgemaak. Die sondaar se naam word verswyg. Die gemeente word opgewek om vir hierdie saak te bid.

*Tweede trap:* As daar verharding is, word die advies van die klassis verkry. Dan word die sonde sowel as die persoon se naam aan die gemeente bekendgemaak. Die sondaar word steeds die sakramente verbied. Die gemeente word opgewek om oor hierdie persoon te bid en om met hom te gaan praat.

*Derde trap:* Die sondaar word met die ban uit die gemeente afgesny.

16.8 **Hoeveel sakramente is daar?**

Twee

16.9 **Wat is die sakramente?**

Die doop en die Nagmaal

**16.10 Verseël die sakramente iets in of aan die ontvanger?**

Aan, want die sakrament self verander niks aan die persoon nie. Sakramente is nie saligmakend nie; hulle is slegs tekens en seëls van wat Jesus Christus vir ons doen.

**16.11 Wat is die betekenis van die Nagmaal?**

Versoening van sondes deur die liggaam en bloed van Jesus Christus

**16.12 Wat is die tekens by die Nagmaal?**

Brood en wyn

**16.13 Waarop wys die Nagmaal?**

Die gelowige het deel aan die liggaam en bloed van ons Here Jesus Christus ter versoening van al ons sondes – brood en wyn versinnebeeld die deelname.

**16.14 Wie mag Nagmaal gebruik?**

Een wat belydenis van geloof afgelê het

Lidmaat van gemeente – of brief as uit kerkverband – van die lidmaat se kerkraad as toestemming

**16.15 Hoekom aan 'n tafel?**

- Die gedagte van 'n ete lê daaragter.
- Ingestel aan 'n tafel as 'n maaltyd.
- Versinnebeeld eenheid van gemeente.

**16.16 Wat moet jou persoonlike voorbereidende instelling wees?**

- Ek moet my sondes ken, bely en my verootmoedig.
- Ek moet 'n afkeer daarin hê en glo in Jesus Christus se genadige verlossing.
- Ek moet my voorneem om voortaan in dankbaarheid te lewe.

**16.17 Wat is die betekenis van die doop?**

Dit wys op die afwassing van ons sondes deur die bloed van Christus.

**16.18 Wat is die teken by die doop?**

Water

**16.19 Is die sakrament van die doop vir jou 'n waarborg van jou saligheid?**

Nee, ek moet nog elke dag met woord en daad my geloof in Jesus Christus bewys. Ek moet dus altyd godsalig lewe.

**16.20 Hoekom is klein seuntjies in die Ou Testament besny?**

Die nageslag van Abraham is deurgaans saam met hom in die verbond ingesluit. Kindertjies wat deel is van 'n gelowige geslag, deel van hul geboorte af in die verbond – al weet hulle dit nog nie en al kan hulleself nog nie glo nie – Isak op agt dae besny, weet niks van geloof – daarom ontvang hulle dan ook die teken.

**16.21 Hoekom sê ons die doop het die besnydenis vervang?**

Die besnydenis in die Ou Testament was die teken wat spesifiek die betekenis van die verbond aan kindertjies bedien het. In die Nuwe Testament bedien ons die vervulde teken, naamlik die doop – sonder bloedvloeiing – aan kindertjies. Vgl. Kolossense 2:10-12.

#### 16.22 **Moet 'n mens wag tot hy volwasse is en glo voordat hy gedoop word?**

- Nee, die mens tree nie aktief by sy doop op nie. 'n Sakrament word aan hom bedien waarin hy verseker word van God se verbond van genade in Jesus Christus.
- Dit is nie 'n geleentheid waar die dopeling moet presteer nie. God wag nie totdat ek glo voordat Hy my in die verbond insluit nie.
- Grootdoop het alleen betrekking op mense wat eers in hul volwasse lewe tot geloof kom. Logies dat hy dan eers sy geloof in God bely en dan gedoop word.
- Hoe belangrik my geloof ook al is, staan die genade van God voorop.
- Nêrens in die Bybel leer ons dat kinders van gelowige ouers eers moet grootword voordat hulle gedoop kan word nie. Verbondsgemeenskap beteken die hele huisgesin.

#### 16.23 **Wat van herdoop van mense wat later tot bekering kom en hulle weer laat doop?**

- Dit mag nie gebeur nie. Die doop is 'n sakrament en nie 'n barometer van die mens se geestelike peil en vordering van geloof om te sê "nou is ek gereed nie" – dit doen jy by aflegging van geloofsbelofte.
- Eenmaal gedoop is gedoop in die dood van Jesus Christus. Dit is eenmalig afgehandel net soos sy dood eenmalig was.
- Wanneer die verbondsvolk in die Bybel afdwaal, het God nooit 'n herhaling van die verbondsteken gevra nie, maar bekering! – Jeremia 31:18.
- Herdoop is 'n veragting van God se verbondsgenade, van die prediking, geloofsopvoeding en die beloftes van God deur die jare.
- Herdoop lê 'n nuwe menslike voorskrif neer om die saligheid te verkry, naamlik my eie keuse en geloofservaring, en dit mag nie. Herdoop is duidelik 'n doop met 'n menslike plus, my bereidheid en my oorgawe.
- Enige toevoeging tot ons vaste geloof in die soenverdienste van Jesus Christus as ons saligheid, is dwaling – sonde teen die Heilige Gees.

#### 16.24 **Wanneer is die doop geldig?**

- Met die Trinitariese formule
- Met water
- Deur 'n geordende predikant – pastoor/priester
- Tydens 'n erediens

### 17. **ALGEMENE KERKGESKIEDENIS**

#### 17.1 **Wat was Marcion se dwaling?**

Hy verwerp die Ou Testament omdat die Skeppergod vir hom wreed en sonder liefde was.

#### 17.2 **Wat was die Montaniste se dwaling?**

Hulle glo dat die Heilige Gees elke mens 'n innerlike lig verskaf, sodat jyself kan profeteer en nuwe openbaring, los van die Bybel, bekend kan maak.

#### 17.3 **Wat was Arius se dwaling?**

- Dat daar net een God is en nie 'n Drie-eenheid nie.
- Dat Jesus maar net 'n goeie skepsel was en nie van ewigheid as God bestaan nie.

17.4 **Wat bely Athanasius anders as sy teëstander?**

Dat die Vader, Seun en Heilige Gees God is, en dat Jesus nie die dood sou kon oorwin as Hy nie die Seun van God was nie.

17.5 **Watter anti-Christelike sekte beweer ook Jesus is nie God nie?**

Die Jehovasgetuies

17.6 **Noem die dwalinge van Pelagius?**

- Daar is nie so iets soos erfsonde nie.
- Adam was maar net 'n slegte voorbeeld.
- Elkeen het 'n vrye wil om self te kies wie hy wil dien. Geen uitverkiesing nie.
- Die dood is nie die gevolg van die sonde nie.

17.7 **Waarop grond die pous sy mag?**

Dat hy die direkte opvolger is van Petrus en so die fondament van die kerk – 'n verkeerde interpretasie van Matteus 16:18.

17.8 **Wat was die vroeë kerk se wapens teen dwaling?**

- Die suiwere prediking van die Skrif
- Die geloofsbelydenis – Twaalf artikels
- Die biskoplike amp – Hy het mag gehad.

17.9 **Watter tendens kenmerk die 15de-eeuse kerk?**

Die Woord van God word op die agtergrond gedruk en ander dinge en mense belangriker geag.

17.10 **Noem enkele voorlopers van die Hervorming wat as gevolg van hulle teëstand teen die RKK swaar vervolgd is?**

- Die Waldense in Suid-Frankryk
- John Wyclif in Engeland
- Johannes Hus – verbrand!
- In Nederland het daar ook onder die volk 'n wekroep na 'n meer toegewyde en vroom lewe in navolging van Christus alleen opgegaan – “Die Broeders des gemenen levens”.

17.11 **Kan mense alleen 'n kerk se verkeerde weë verander?**

Nee, God moet self in die verharde harte met sy Woord ingryp. Daarvoor het Hy hervormers geroep om sy Woord opnuut te benadruk en vir die waarheid te veg.

17.12 **Wat beteken die begrip *hervorming* of *reformasie*?**

Die kerk word hervorm soos wat dit volgens die Bybel moet wees.

17.13 **Wie was die twee bekendste reformatore?**

Luther en Calvyn

17.14 **Wat het Luther in die Bybel ontdek wat die RKK se “goeie werke” as valse leer ontmasker?**

Die mens word alleen salig deur genade en nie deur verdienste nie – Romeine 1:17.

17.15 **Waarmee het Luther die Bybelse waarheid teen die valse Rooms-Katolieke leer oor die saligheid verdedig?**

Sy 95 stelling op 31 Oktober 1517 teen die kerkdeur van Wittenberg

- 17.16 **Waarom word Luther se bydrae as baie belangrik vir die kerk gesien?**  
Omdat hy die gesag van die Bybel weer bo alle twyfel in ere herstel het.
- 17.17 **Waarom kan gesê word dat Luther nog nie ver genoeg met die hervorming gegaan het nie?**  
Hy behou nog sekere Rooms-Katolieke standpunte – die staat se seggenskap oor die kerk, dat Christus weer as ’t ware geëet word met Nagmaal, in en met die brood – konsubstansiasieleer.
- 17.18 **Watter hervormer bring duidelikheid oor die Nagmaal?**  
Zwingli – dit is ’n gedagtenismaal.
- 17.19 **Het die RKK hul van hul dwaalweë bekeer?**  
Nee, maar met die kontra(teen)-reformasie het hulle:
- opnuut hul tradisies gelykgestel met die Heilige Skrif;
  - die Mariaverering goedgepraat; en
  - die mis en vagevuur as ’t ware weer bevestig.
- 17.20 **Wat is die vervolgte Gereformeerdes in Frankryk genoem?**  
Hugenote
- 17.21 **Wat noem ons die geleentheid toe sowat 20 000 Gereformeerdes in Frankryk in Augustus 1572 vermoor is?**  
Bartholomeüsag
- 17.22 **Wie was die Hervormers se vyande?**  
Die RKK en die Anabaptiste
- 17.23 **Wie was die Anabaptiste?**  
Fanatieke geesdrywers wat;
- die gesag van die Bybel verwerp en net staat maak op hul eie sogenaamde “inwendige lig”;
  - die kinderdoop verwerp; en
  - klem lê op ervaringe van die Gees.
- 17.24 **Van watter land het ons ons Gereformeerde – Calvinistiese – godsdiens oorgeërf?**  
Van Nederland
- 17.25 **Wat was Arminius se dwaling in die 17de eeu?**  
Hy het die uitverkiesing verwerp en gesê die mens kan alleen uitverkies word as hy glo.
- 17.26 **Wat het gelei tot die Sinode van Dordt?**  
Hierdie sinode moes uitsluitel gee in bogenoemde dwaallering wat in ’n geskrif van vyf punte voor die vergadering gelê is.
- 17.27 **Watter nadele hou die staatskerk in?**
- Die massas kom oor, maar saam met hul die heidense gewoontes.
  - Staat kry ’n sê oor die kerk.
  - In plaas van loutering is lidmaatskap nou maklik bekombaar en dit bring oppervlakkige benadering van die godsdiens.
- 17.28 **Wat weet u van die Islam?**

- Mohammed is Allah, hul god, se grootste profeet.
- Hulle erken geen Middelaar, kruisdood of opstanding nie.
- Hulle heilige boek is die Koran.
- Volgelinge noem hulle Moslems.
- Hulle hoofsetel is Mekka in Arabië.

17.29 **Wat is die grondwaling van die RKK?**

- Sy wangebruike en opvattinge ten opsigte van God se Woord.
- Die Bybel is alleen deur priesters gelees.
- Hulle Bybel bevat ook apokriewe boeke – lees NGB, art. 6.
- Hul tradisies het gelyke waarde met die Bybel.
- Uitsprake van die pous het net soveel gesag.

17.30 **Wat het in die 17de eeu en 18de eeu aanleiding gegee tot verval in die Nederlandse Kerke? Is dit vir ons van belang?**

- Opkoms van die humanisme – gaan alles om die mens en nie soseer om God se eer nie.
- Die rasionalisme – die mens wil alles, selfs die Bybel, ten volle met sy beperkte verstand begryp.
- Die mistiek – om te leef uit jou eie sogenaamde inwendige lig van die Gees en nie soseer uit die Woord nie.
- Die algemene bandelose lewensuitkyk van vryheid, gelykheid en broederskap.

Ja, dit is vir ons van belang, want in ons tyd kom dieselfde dwalinge, net fyner gevorm, weer na vore.

17.31 **Hoe het hierdie veranderinge die prediking in die kerk geraak?**

In plaas van suiwer Woordverkondiging word daar nou mooi verhaaltjies vertel wat die mens se gevoel streel.

17.32 **Hoe het dié vrysinnige gees – mens belangrik en nie meer die eer van God nie – die lewe geraak?**

- Uiterlike dinge het belangriker geword en nie meer die innerlike geloofskrag nie.
- Ongeloof en bygeloof het die vaste sekerhede van God se beloftes vervang.

17.33 **Noem 'n aantal deformatiewe – agteruitgaande – aangeleenthede in Nederland wat die eerste jare van die Kaapse kerk sleg beïnvloed het.**

- Die Gereformeerde Kerk in Nederland het al meer 'n staatskerk geword.
- Die Dordtse kerkorde is verdring.
- Rasionalisme – verstandsgodsdienis het die belydenis op die agtergrond gestoot.
- Gevoelsgodsdienis wat klem lê op die mens se emosie, word belangriker en nie meer die waarhede en leer van die Skrif oor die saligheid nie.
- Die *Evangeliese gesange* is sonder kerklike bestudering en goedkeuring op 1 Januarie 1807 ingevoer.

17.34 **Hoe sien kommissaris JA de Mist die kerk se rol en taak?**



- Hy sien die kerk as 'n genootskap waarby jy kan aansluit as jy wil. Daarteenoor ken ons die verbondsgedagte van gelowiges ingelyf in hul geslagte.
- Die kerk moet net goeie burgers vir die staat oplei.
- Die sinode is die eintlike “kerk” en die gemeentes is maar takke daarvan.

**17.35 Hoe raak De Mist se siening die karakter van die skole?**

- Die ouers en die kerk het geen seggenskap meer nie.
- Die staat beheer alles.
- Geen godsdiens op skool nie.

**17.36 Hoe raak sy invloed die kerkregering?**

- Die Dordtse kerkorde word oorboord gegooi.
- Kollegialisme as stelsel word geïmplementeer en daarvolgens regeer die hoër besture, vergaderings, die kleiner kerkraad as vergadering.
- Dordtse Leerreëls is weggelaat.

**17.37 Regeer ons klassis as meerdere vergadering nie ook ons kerkrade nie?**

Nee, die klassis is 'n vergadering van meer kerke wat alleen sake hanteer wat mekaar gesamentlike raak. Elke kerkraad se afvaardiging neem, met volmag, medebeslissend deel aan die besluite. Daarom is die besluite bindend, want elke kerkraad het dus deelgeneem aan hierdie besluite.

**18. ETIEK**

**18.1 Hoekom verwerp die Woord loterye en al die dinge wat daarmee saamhang, bv. waarsêery en palmlees?**

Omdat dit oortreding is van die eerste gebod. Vertroue word gestel op iets, 'n mag, sonder om God se sorg en voorsienigheid in aanmerking te neem.

**18.2 Hoekom begrawe ons ons dooies en verbrand ons hulle nie?**

- Die liggaam bly 'n gawe van God.
- Jesus Christus is ook begrawe.
- Net misdadigers is verbrand in die Bybelse tyd.
- Die simboliek van die graankorrel wat gesaai word en opgroei in 'n nuwe lewe.

**18.3 Is 'n uitverkorene sonder sonde en leef hy/sy volkome heilig?**

Nee, Jakob wat verkies is om 'n verbondshoof van God se volk te wees, was ook 'n listige bedrieër. Dit beklemtoon net weer eens dat die mens in die genadeverbond niks verdien nie. God se genade maak jou wat jy is.